



Steweltjies, groot en klein

*Vir 'n pasgebore baba, of een van sowat 'n jaar oud. Hier is
steweltjies wat elke ouma, tannie of amper-ma haar
breigaring en naalde sal laat nader trek*

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); m1 - maak een steek; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; rs - reksteek (= elke ry regs); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); herh - herhaal; gr2tgo - glip een steek, brei twee steke regs tesame, trek glipsteek oor; alt - alternatiewe; vlg - volgende; tes - tesame; pat - patroon; gs - glipsteek; weersk - weerskante; rif - riffelsteek; 1/1-rif - brei

een steek regs, een steek aweregs; 2/2-rif - brei twee steke regs, twee steke aweregs; vermeer - vermeerder; RK/VK - regte/verkeerde kant; mos-st - mossteek (= een steek regs, een steek aweregs en verspring steke in elke ry). **Hekel:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - half-langbeen; sp(s) - spasie(spasies); krap-st - krapsteek (= kortbeen van links na regs).


PAAR NR. 1

BENODIGDHEDE: Ongeveer 30 g kanariegeel Shepherd Mirage 4-draad; breinaalde van 3 mm; 4 klein, geel knopies.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Gedraaide rif: 1e ry: (= VK van werk): 1 st vir selfkant, *r2, aw2*, 1 st vir selfkant.

2e ry: 1 selfkant-st, glip 2e st deur 1e en brei regs, brei dan eerste st ook regs, aw2*, 1



selfkantsteek.

Riffelry op koussteekdeel: Soos uiteengesit by paar nr. 5.

AANWYSINGS: Stel 44 ste op en brei ks, maar vermeer 1 st aan weersk van werk en 1 st aan weersk van middelste 2 ste.

Herh dié vermeerderings nog 5 keer aan RK van werk en brei nog 4 rye ks sonder vermeer, dan riffelry.

Brei 8 rye gedraaide rif.

Brei daarna 10 rye rs, maar brei **terselfdertyd** in elke ry 2 ste aan weersk van middelste ste tesame, tot 48 ste op breinaald oorbly.

Vlg ry: Heg middelste 20 ste af. Die 28 ste wat oorbly, moet rs gebrei word. Stel aan linkerkant van hierdie middelste ste 20 ste vir bandjie op.

Brei rs oor dié 48 ste 14 rye lank en in 4e en 10e ry, net binne eerste 4 ste, heg 1 st vir knoopsgate af, en stel in vlg ry 1 steek op om afgehegte steek te vervang. Heg aan einde van 14e ry af.

Onthou dat tweede steweltjie met omgekeerde vorming gebrei moet word.

AFWERKING: Werk middelagternaat toe. Werk knopies teenoor knoopsgate vas. Maak twee pompons om aan voorkant van steweltjies vas te werk.

PAAR NR. 2

BENODIGDHEDE: Ongeveer 30 g wit Shepherd Mirage 4-draad; breinaalde van 3 mm; 90 cm geel satynlint; paar g borduurgaring in 2 skakerings van geel.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Gaatjiesry: Soos uiteengesit by paar nr. 1.

AANWYSINGS: Begin by soeltjie, stel 12 ste op en brei 10 cm mos-st, heg af.

Begin in middel van een kort rand van reghoek wat só gevorm is en tel 74 ste met tweepuntbreinaalde op uit al vier rande soos volg: 6 ste uit helfte van eerste kort rand, 25 ste uit eerste lang rand, 12 ste uit tweede kort rand, 25 ste uit tweede lang rand, 6 ste uit tweede helfte van eerste kort rand.

Brei nou mos-st in rye. Laat dus 'n opening in middel van hak aan agterkant en brei tot werk 4 cm lank is.

Plaas eerste en laaste 32 ste op reserwe-naalde en brei voort op middelste 10 ste, brei aan einde van elke ry telkens laaste steek saam met naasliggende steek op reserwe-naald. Brei so voort tot 50 ste oorbly. Brei 1 gaatjiesry en 10,5 cm rif. Heg af.

AFWERKING: Werk agternaat toe, maar werk boonste 8 cm van riffelboordjie aan regte kant van werk toe, sodat naat by omgevoude boordjie aan regte kant val. Borduur met geel borduurgaring drie klein blommetjies met worssteek bo-op voetjie.

NA BLADSY 112

STEWELTJIES VAN NR. 5-HEKELGARING

BENODIGDHEDE: Vir elke paar steweltjies: Mirage Nr. 5 (50-g-bolle) ongeveer 50 g wit en 'n paar g elk blou, groen en pienk; breinaalde van 2,50 mm; hekelpen van 2 mm; 2 knopies vir wit-en-blou steweltjies.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Gaatjiessteek: 1e ry: *r2tes, m1* tot einde.

2e ry: Deurgaans aweregs.

Siersteek: Brei elke ry oor 'n onewe getal steke: r1, *aw2, r2* tot einde.

LET WEL: Die steweltjies begin by middel van voet.

Die motiewe word met duplikaatsteek geborduur.

3 WIT-EN-GROEN STEWELS

AANWYSINGS: Stel 63 ste op en brei 3 rye rs.

4e ry: r1, vermeer, r28, vermeer, r1, vermeer, r28, vermeer, r1.

5e-7e ry: Deurgaans regs.

8e ry: r1, vermeer, r30, vermeer, r1, vermeer, r30, vermeer, r1 — 71 ste.

Brei 16 rye rs, dan 6 rye ks, en nog 4 rye rs. **Vorming:** r28, draai; (r14, r2tes, draai) 26 keer.

Brei steeds rs, en brei 1 gaatjiesry, dan 8 rye rs, 6 rye ks, 8 rye rs. Heg af.

Werk nate toe en borduur groen siermotief volgens diagram. BLAAI OM

DIAGRAM VIR WIT-EN-GROEN STEWELS

I = wit agtergrondsteke
V = groen duplikaatsteke

I	I	I	V	I	I	I	I	V	I	I	I	I	V
I	I	V	I	V	I	I	V	I	V	I	I	V	I
I	V	I	I	V	I	V	I	I	V	I	V	I	I
V	I	I	I	V	I	I	I	V	I	I	V	I	I

4 WIT-EN-BLOU STEWELS

AANWYSINGS: Stel 63 ste op en brei 8 rye rs.

Slaan oor na siersteek en brei 20 rye.

Slaan oor na ks maar vermin 1 st aan weersk van 1e ks-ry — 61 ste.

Vermin in vlg 6 alt rye 1 st aan weersk van middelste st — 49 ste.

Brei gaatjesry; dan 16 rye wit ks, 1 ry blou, 4 rye wit, 1 ry blou, 1 gaatjesry blou, dan 4 rye wit. Heg af en werk nate toe.

Vou borand van steweltjie by blou gaatjesry om en werk vas. Borduur blou motiewe volgens diagram. Hekel 1 rondte kb oor riffels van laaste rs-ry van voetjie.

DIAGRAM VIR WIT-EN-BLOU STEWELS

I	V	V	I	V	V	I
V	I	I	V	I	I	V
V	I	I	V	I	I	V
I	V	V	I	V	V	I
I	I	I	V	I	I	I
I	I	V	I	V	I	I
I	V	I	I	I	V	I

VAN BLADSY 111

PAAR NR. 5

BENODIGDHEDE: Ongeveer 30 g Shepherd Mirage 4-draad; paar g wit om mee te borduur; breinaalde van 3 mm; 1 m broderie anglaise, 2 cm breed.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Stel 44 ste met pienk op en brei 1/1-rif, maar vermeer 1 st aan weersk van ry en 1 st aan weersk van middelste 2 ste.

Herh vermeerderings nog 4 keer in daaropvolgende regtekantrye.

Brei reguit in 1/1-rif voort tot werk 3 cm lank is vanaf begin.

Slaan oor na rs. Brei nog 16 rye en heg af.

Begin weer en stel 13 ste op; brei ks, vermeer 1 st aan weersk van vlg 2 rye — 17 ste. Brei reguit voort tot werk 6 cm lank is en stel nog 13 ste aan weerskante op. Brei reguit oor die 43 ste tot werk 7,5 cm lank is vanaf begin. Heg af.

AFWERKING: Werk agter- en middelvoetnaat toe. Werk pantjies wat steweltjie vorm, aan mekaar vas; en werk terselfdertyd die kantjie, effens ingeplooi, tussen die twee vas. Werk borand van enkelboordjie met 1 rondte kb af. Werk die kantjie, effens ingeplooi, aan binnekant van borand vas.

Borduur met wit garing, ongeveer 2 cm onder boonste rand 5 wit blommetjies met 3 blomblaartjies elk. Hekel 'n koordjie, 40 cm lank, en ryg dit deur koussteekdeel by enkel, 2 cm onder blommetjies.

Steweltjies, groot en klein

PAAR NR. 6

BENODIGDHEDE: Ongeveer 30 g wit Shepherd Mirage 4-draad; paar g pienk en groen borduurkatoen; stel van vier 3-mm-tweepuntbreinaalde; 70 cm liggroen satynlint.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Patroonriffel: 1e ry: *r2, aw2.

2e ry: Deurgaans aweregs.

Dié 2 rye word deurgaans herhaal.

Gaatjesry: Soos vir nr. 1.

AANWYSINGS: Stel vir sooltjie 11 ste met wit garing op en brei 10 cm rs, heg af.

Begin in middel van kort kant van reghoek en tel 74 ste uit al vier rande op, 6 ste uit 1e helfte van kort rand, 25 ste uit lang rand, 12 ste uit tweede kort rand, 25 ste uit tweede lang rand en 6 ste uit tweede helfte van kort rand.

Brei patroonriffel voort in rye, (opening is in middel van hak, aan agterkant van steweltjie).

Brei 6 rye patroonriffel, dan 8 rye rs.

Plaas eerste en laaste 32 ste op reserwenaalde en brei middelste 10 ste rs, maar brei telkens laaste van middelsteke tesame met naasliggende st op reserwenaald, tot 44 ste oorbly. Brei nog 1 ry patroonsteek, 1 gaatjesry, 4,5 cm rif, 6 rye oks en heg af.

AFWERKING: Werk nate toe. Borduur 'n pienk rosie op wreef en borduur steeltjie en blaartjies met groen borduurgaring.

PAAR NR. 7

BENODIGDHEDE: Ongeveer 30 g wit Shepherd Mirage 4-draad; paar g pienk en ligblou; breinaalde van 3 mm; 80 cm blou satynlint.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie. Brei gaatjesry soos uiteengesit vir paar nr. 1.

Oop golfpatroontjie: Word oor getal steke deelbaar deur 10 plus 9 gebrei, plus 2 steke vir rand.

Brei 3 rye rs; vermeer 1 st in laaste ry. Daar is dan 41 ste beskikbaar vir patroontjie.

1e en 3e ry: r1, *m1, r3, r3tes, r3, m1, r1*; herh soos benodig.

2e ry: aw tot einde.

4e ry: r tot einde.

AANWYSINGS: Stel 48 ste met wit op en brei 4/4-riffel, vermeer 1 st aan weersk asook 1 st aan weersk van middelste 2 ste.

Herh dié vermeerderings nog 4 keer, in daaropvolgende regtekantrye.

Brei reguit voort oor al die steke tot werk 3,5 cm lank is vanaf begin.

Slaan oor na rs, brei oor die 68 ste 2 rye met blou, 2 rye wit, 2 rye pienk, 2 rye wit.

Brei 29 ste op 1e breinaald, 10 ste op middelste naald en draai, terwyl laaste 29 ste op reserwenaald gelaat word.

Brei voort met wit op middelste 10 ste, maar brei aan einde van elke ry laaste van ste op middelste naald tesame met 1 st van naald aan sykant.

Wanneer daar 40 ste op breinaald is, brei tot einde van ry en terug met 4/4-rif, brei 1 gaatjesry en nog 5 cm 4/4-rif.

Brei 5 cm oop golfpatroontjie soos uiteengesit. Sorg dat aweregs kant van werk aan

regte kant is, sodat regskant bo sal wees wanneer boordjie omgeslaan word.

Brei 2 rye blou rs, 2 rye wit, 2 rye pienk en heg met pienk af.

AFWERKING: Werk naat aan regte kant toe sodat naat in omslag aan regte kant sigbaar is.

STEWELTJIES VAN NR. 20-HEKELGARING

BENODIGDHEDE: Ongeveer 20 g wit Twilley's Twenty (50-g-bolle) vir elke paar steweltjies; hekelpen van 1,25 mm; bykomstighede soos vermeld by afsonderlike pare steweltjies.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

8 MET ROOI ROSETTE

BENODIGDHEDE: Soos gestel, plus 2 klein knopies en 'n paar gram bypassende rooi garing.

AANWYSINGS: Begin by sooltjie. Hekel 20ks en plaas 3kb in 2e ks vanaf hekelpen, 17ks, 3kb in laaste ks, 17kb in ander kant van basisketting. Hekel voort in rondtes.

2e rondtes: *2kb in dieselfde st (= 1 st vermeerder), 1kb, vermeer 1, 17kb*; herh van * tot * nog 1 keer.

3e rondte: *1kb, vermeer 1 st, 2kb, vermeer 1 st, 17kb*; herh van * tot *.

4e rondte: *2kb, vermeer 1 st, 3kb, vermeer 1 st, 17kb*; herh van * tot *. Hekel so voort en vermeer 4 ste in elke rondte soos gestel, tot 12e rondte voltooi is.

13e rondte: kb in kb, sonder vermeer.

Vermin aan voorkant 2 ste in elke rondte, 7 keer altesaam, die eerste vermin moet aan weerskante van die middelste 11 ste gedoen word, dan aan weersk van die middelste 10 ste, ens; vermin terselfdertyd 2 ste, elke 4 rondtes aan agterkant van rondte, tot 9 rondtes vanaf begin van vermin voltooi is.

Hekel nou voort in rye op die 29 ste van agterste deel van rondte, en hekel aan weerskante van dié 29 ste 'n ketting van 12 ste om enkelbandjies te vorm.

Hekel 4 rye heen en weer oor dié steke, en hekel aan einde van 4e ry 5ks, gs in st onder eerste ry van bandjie, om 'n knoop te vorm. Knip garing af en werk netjies af.

ROSET: Hekel 5ks met rooi en sluit met gs om 'n ring te vorm. Hekel in ring:

1e rondte: *1lb, 3ks*, herh van * tot * 6 keer, (eerste lb in rondte word vervang deur 3ks, 1e kb van 'n rondte deur 1ks).

Eindig elke rondte met 'n glipsteek.

2e rondte: *1lb in 1e ks van sp, 5ks, 1lb in 3e ks van dieselfde sp, 5ks; **1lb in 2e ks van vlg sp, 5ks**, herh van ** tot ** 2 keer, en van * tot * 2 keer.

3e rondte: *1kb, 1h1b, 4lb, 1h1b, 1kb in sp*. Knip garing af.

Hekel klein blomblare met wit garing, steek hekelpen in elke 3ks-sp van 1e rondte en hekel *1kb, 1h1b, 2lb, 1h1b, 1kb*; knip garing af.

AFWERKING: Hekel met rooi garing 'n rondte krapsteek rondom voorste opening, oor albei kante van bandjies en enkelboordjie om steweltjie af te werk.

Werk roset aan steweltjie vas soos op foto gesien kan word.